# *Skitterdinge en skoeloeloe*

# deur

# Selwyn Milborrow

## MEMORANDUM

### AFRIKAANS HUISTAAL (GRAAD 4) /

### AFRIKAANS EAT (GRAAD 5)

## HOOFSTUK 1 – ’n Splinternuwe avontuur

1.1. **C** (Namibië)
1.2. Zandi trek na ’n nuwe land en huis. (Suid-Afrika)
1.3. **ONWAAR**
1.4. Zandi se ouma moes as kind van die plaas na die dorp trek.
1.5. Die een patroon is vir krag, die ander vir wysheid en die derde, middelste patroon staan vir hoop.
1.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)
1.7. Volgens ouma Kovii het stories mag. Stories kan brûe tussen mense bou.
1.8. **Leerder se eie antwoord**.
1.9. **Ja**. Zandi sê dat die knop op haar maag bietjie kleiner voel.
1.10. **Leerder se eie antwoord**.
1.11. “Oranje en pienk strepe vloei oor die laaste blou lug asof ’n kunstenaar se verfpotte per ongeluk omgeval het.” (**Die leerder moet uit die teks aanhaal**.)
1.12. Splinternuwe (splinternuut)
1.13. **Kleure**: Die reënboog bestaan uit verskeie kleure.
**Klere**: Ek hou van die nuwe skoolklere wat ek by my nuwe skool moet dra.
1.14. C (senuweeagtig)

**Verrykingsaktiwiteit**:
Die leerder ontwerp sy/haar **plakkaat** gebaseer op Jahohora se verhaal.

- Jahohora was ’n twaalfjarige meisie wat in 1904 vir Duitse soldate moes wegkruip waarna sy haar familie moes gaan soek.
- Sy was baie dapper. (**Leerder se eie antwoord. Die antwoord moet daarop dui dat Jahohora dapper was**.)
- Die Duitse soldate wou die Herero- en Nama-mense uitwis. (volksmoord)
- **Leerder se eie antwoord**.
- Heldedag word gevier.
- Jahohora was ’n held omdat sy oorleef het. Sy word saam met ander helde op hierdie openbare vakansiedag gevier.

## HOOFSTUK 2 – Laerskool Bloemendal

2.1. Haar nuwe skooluniform is ’n blou romp en wit hemp met ’n blou-en-geel strepiesdas.

2.2. **Leerder se eie antwoord**.

2.3. Zandi woon in ’n nuwe dorp in Suid-Afrika waar die Afrikaanse woorde vinniger uitgespreek word as in Windhoek.

2.4. Zandi se ma se werk het haar na die dorp in Suid-Afrika verplaas.

2.5. **ONWAAR**

2.6. Zandi se vingers het senuweeagtig met die armband om haar pols gevroetel.

2.7. Die Afrikaans wat Zandi praat klink anders as die van die ander leerders by die skool.

2.8. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

2.9. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord**.)

2.10. Die leerder moet verduidelik waarom dit belangrik is om **goeie** maats by die skool te hê. **Leerders se antwoorde mag van mekaar verskil**.

2.11.1. **C**

2.11.2. **D**

2.11.3. **A**

2.11.4. **E**

2.11.5. **B**

2.12. **Figuurlik**. (Die knop in haar keel is nie ’n werklike knop nie.)

2.13. a) klein

b) koud

c) harder

d) kort

e) slegte

## HOOFSTUK 3 – Skoeloeloe!

3.1. Zandi is bang dat niemand met haar gaan wil speel nie.

3.2. Sommige leerders **jaag mekaar** soos rooibokke, ander **spring tou** en ’n groepie meisies sit onder ’n boom en **gesels**.

3.3. Die Namibwoestyn se sandduine is mooi en blink in die son terwyl die sterre in

die aand helder skyn.

3.4. **Nee**. Die meisies het vir Zandi se **grap** gelag.

3.5. Afrikaans, Engels, Duits en Otjiherero.

3.6. “Moro” (**Leerder moet uit die teks aanhaal**.)

3.7. Skoeloeloe is ’n **speletjie** wat leerders buite op die speelgrond speel.

3.8. Juffrou Nel noem dat Zandi baie vinnig kan hardloop aangesien sy goed skoeloeloe kan speel. Sy is so vinnig soos ’n steratleet.

3.9. “**s**koolskoene **s**kop **s**tofwolke” (**Leerder moet uit die teks aanhaal**.)
“**s**peelgrond **s**peel” (Kan ook aanvaar word.)

3.10. **C** (assonansie)

3.11. a) leopard
b) surprised
c) shining
d) relax
e) pulse
f) heirloom
g) duck (**werkwoord**)
h) precious
i) cheer
j) nod

**Let wel: Huistaalleerders moet ook ’n sin met die Afrikaanse woord skryf sodat die betekenis duidelik is.**

## HOOFSTUK 4 – Boelies op die speelgrond

4.1. Sy het vroeg opgestaan om haar hare in die tradisionele Herero-styl te vleg.

4.2. **Ja**. “Ek dink hulle sal sien wat ek sien: ’n pragtige, trotse Herero-meisie.” (**Leerder moet uit die teks aanhaal**.)

4.3. Die woorde maak haar **hartseer** of maak haar **gevoelens seer**. Die **woorde** kom ook vanuit **verskeie rigtings**.

4.4. **Leerder se eie antwoord**.

4.5. Haar ouma se stem gee haar moed om **dapper te wees en nie te huil nie**.

4.6. Tommie was op die eerste skooldag lelik teenoor Zandi se herkoms.

4.7. **Leerder se eie antwoord**.

4.8. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met **twee** gepaste redes.)

4.9. **Leerder se eie antwoord**.

4.10. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

4.11. vergelyking

4.12. a) Zandi **het** voor die spieël in die badkamer **ge**staan.

b) Haar ma **het** haar hande op Zandi se skouers **ge**sit.

c) Dit **was** ’n tradisionele herero-styl.

d) Zandi **wou** weghardloop, maar sy **het** haar ouma se woorde **onthou**.

e) Sy **het** diep **asemgehaal**.

## HOOFSTUK 5 – Blom waar jy geplant is

5.1. Die storie handel oor Zukho die sebra en Kuhle die kameelperd wat deur die Kruger Nasionale park reis.

5.2. **ONWAAR**

5.3. Sy en die karakters **deel ’n groot avontuur**. Zandi het ook onlangs gereis.

5.4. Kamele kan in die woestyn oorleef. (Stoor water in hulle boggels.)
Kamele is slim.
Kamele weet wat om te doen wanneer daar ’n sandstorm in die woestyn is.
Kamele is geduldig en beskik oor uithouvermoë. (**ENIGE DRIE**.)

5.5. Bonga is in **graad ses**.

5.6. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

5.7. ’n Hoofstad is normaalweg die land se grootste of belangrikste stad. Die regering is gewoonlik in die hoofstad gesetel. (**Daar is uitsonderinge**.)

5.8. Tommie en Ayanda

5.9. Zandi vertel vir hulle die storie van die woestynblom.

5.10. **Leerder se eie antwoord**.

5.11. a) vraagsin

b) uitroepsin

c) stelsin

d) bevelsin

e) stelsin

**HOOFSTUK 6 – ’n Kroon van stories**

6.1. Juffrou Nel se les handel oor **kulture**.

6.2. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

6.3. Elke vou verteenwoordig of simboliseer ’n **les**.

6.4. Om regop te loop en nooit te vergeet waar jou wortels lê nie.

6.5. Erfenisdag

6.6. ’n Hanswors is dieselfde as ’n nar wat mense by ’n sirkus vermaak. (Iemand wat snaaks of humoristies optree om mense te vermaak.)

6.7. Suid-Afrikaners hou daarvan om op Erfenisdag vleis buite op kole te braai.

6.8. **Ayanda**: Skryf oor haar ouma se krale.
**Tommie**: Teken ’n horing van ’n Karoo-skaap.
**Zandi**: Teken ’n *!Nara*-vrug.

6.9. Die ruimte waarin die hoofstuk afspeel is die **klaskamer**.

6.10. **Leerder moet enige van Ayanda se karaktereienskappe noem** byvoorbeeld dat sy vriendelik is en dat sy ’n Zoeloe is of die Zoeloe-kultuur beoefen.

6.11.
a) Sy raak **nie** aan die doek om haar kop **nie**.
b) Juffrou Nel wys **nie** na die groot wêreldkaart teen die muur **nie**.
c) Zandi haal **nie** ’n foto uit haar skooltas **nie**.
d) Tommie teken **nie** die horing van ’n Karoo-skaap **nie**.
e) Die plant kan **nie** vir baie jare sonder enige water oorleef **nie**.

**HOOFSTUK 7 – Kunstige klasvriende**

7.1. Zandi het ’n sakkie kleursand gebring wat sy by haar ouma gekry het.

7.2. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

7.3. In Namibië lyk die kleur soos oranje sand terwyl die sonsopkoms in die Karoo pienker voorkom.

7.4. Tommie is ’n fotograaf. Hy kan mooi foto’s neem.

7.5. **Ayanda**: Zoeloe-lap
**Tommie**: ’n Foto
**Zandi**: Oranje sand

7.6. Juffrou Nel stel voor dat hulle die oranje sand vir die grond gebruik. Daarna moet hulle berge uit Ayanda se lap knip en op die sand plak. Tommie se foto kan agter die berge geplak word sodat dit lyk asof die son bo die berge opkom.

7.7. Zandi sien uit na die kultuurdag.

7.8. die, ’n

7.9. a) Ek dink julle moet die sand gebruik vir die grond **en** dan knip julle die berge uit Ayanda se lap **en** plak dit bo-op die sand. (**Voegwoorde: Groep 1**.)

b) Zandi se oë skitter so helder soos haar armband, **want** sy weet presies wat sy vir die kultuurdag gaan aantrek. (**Voegwoord: Groep 1**.)

7.10. a) mooier, mooiste (**let op die korrekte spelling**)

b) groter, grootste (**let op die korrekte spelling**)

c) helderder, helderste (**let op die korrekte spelling**)

## HOOFSTUK 8 – ’n Dag vol geure en kleure

8.1. Dit is kultuurdag by die skool en almal moes eetgoed bring wat uniek aan hulle kultuur is.

8.2. Dit beskerm hulle vel teen die son.

8.3. **ONWAAR**

8.4. Die titel sluit aan by die verskillende geure van die kos en kleure van tradisionele voorwerpe of praktyke wat tydens kultuurdag gevier word.

8.5. Die San-mense het dit versamel vir **geluk**.

8.6. **Ayanda**: *isitambu* (Zoeloe-kos wat van stampkoring en suikerboontjies gemaak word.)

**Tommie**: melktert

**Zandi**: *kapana* (Geroosterde vleis bedien saam met ’n soort vetkoek.)

8.7. **Leerder se eie antwoord**.

8.8. Dit is die Khoi-San se dans wat om ’n vuur gedans word om dankie te sê vir ’n goeie jag of oes.

8.9. Ja. Leerder se eie, sinvolle motivering.

8.10. **Leerder se eie antwoord**.

8.11. Die stelling word **figuurlik** bedoel. Haar mond kan letterlik nie so groot soos die Namib-woestyn glimlag nie.

8.12. **B** (derdepersoonsverteller)

8.13. Die leerders kan enige **twee byvoeglike naamwoorde** noem. (Die byvoeglike naamwoord **beskryf** die selfstandige naamwoord bv. “kleurvolle” en “blink”.)

8.14. a) is

b) het

c) het **EN** kan

d) sal **EN** wil

e) is **EN** sal

## HOOFSTUK 9 – Sien julle volgende jaar!

9.1. ’n Kompas word gebruik om rigting aan te dui / te bepaal.

9.2. **Nee**. “Vroeg volgende jaar is ek weer terug.” (**Die leerder moet uit die teks aanhaal**.)

9.3. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

9.4. Tommie gee vir Zandi ’n skets van haar goue armband met Karoo-sterre wat daarop geteken is.

9.5. Hulle doen die reëndans.

9.6. Hulle gaan vir hulle stories vertel en ’n nuwe dans wys.

9.7. skoeloeloe

9.8. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

9.9. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.) (Die antwoord sal heel waarskynlik “**nee**” wees aangesien Zandi nuwe maats gemaak het.)

9.10. **Ja** of **Nee**. (**Leerder se eie antwoord** met ’n gepaste rede.)

9.11. Zandi Kauapirura

9.12. Die leerder kan **enige gepaste boodskap noem** wat hy/sy uit die storie geleer het bv. dat vriendskap vir kinders belangrik is of dat kinders nie ander kinders moet afknou nie.

9.13. a) Tommie **sal** ’n sketsboek uit sy tas haal.

b) Zandi se armband **sal** soos die son skitter.

c) Sy **sal** aan haar koperarmband raak.

d) Ayanda en Tommie **sal** na mekaar kyk <u>en</u> **sal** glimlag. (Let op die <u>voegwoord</u>: **beide sinne** moet in die toekomende tyd verander word.)

e) Sy **sal** onthou hoe die hekke op haar eerste dag vir haar soos tronkdeure gevoel het.

9.14. armband / klavier / klawers / sandduine / skaduwees / sketsboek